

12. Rondte 10: God vs farao

Die farao, soos hierbo genoem, was in die oë van die Egiptenare god. Hy het al die mag op die aarde gehad.

Sy seun moes dan sy troon en godheid oorneem. Verder is elke eerste kind gesien as 'n geskenk van die gode self.

As Moses die tiende plaag aankondig word hy met die dood bedreig. Farao wil hiermee te kenne gee dat hy mag oor lewe en dood het, en nie die God van Moses nie.

Die res van die verhaal ken hulle. Nou kan die Pasga ingestel word, die offers kan in Egipte gebring word. Die volk is vuisvoos geslaan. Die gode magteloos. Net die farao word deur sy hardkoppigheid regop gehou...

Daar is 'n ander kinkel in die kabel: die tiende plaag kan ook die Israeliete tref! Ook hulle moet 'n keuse maak of hulle die ware God wil dien of die Egiptiese gode.

Daarom die bloed aan die kosyne. 'n Bloedteken om te kan lewe. Bloed om te sê dat hulle God vertrou. Waar die bloed in die eerste plaag dood beteken het, beteken dit nou lewe.

Dan sterf die eersgeborenes. Die farao in sy godheid word verslaan omdat sy godseun sterf.

13. Finale uitslag

As hierdie 'n bokseveg was, het God elke ronde met punte gewen, en in die laaste ronde net voor die klok lui, die uitklophou geslaan.

Die farao het egter van die vloer af opgestaan en het 'n laaste poging aangewend om God te wen. In die Rietsee het hy egter verdrink. Hy kon nooit sterker wees as God nie!



10 Plae

in

Egipte

Dr Hennie van Wyk

10 Plae in Egipte

Hoekom 10 plae? Waarom het God nie die Egiptenare dadelik bloedneus slaan met die tiende plaag nie? Antwoord: God wys dat Hy magtiger is as alle ander gode. Die Egiptenare, en ons, moet dit altyd besef.

In Eksodus 7 – 10 word hierdie oorlog beskrywe. Kom ons kyk hoe dit verloop het.

1. Oorlogsverklaring

Die einde van die boek Genesis lees ons hoe die farao Josef toegelaat het om sy familie na Egipte toe te bring. Die farao was Josef goedgesind en gee hulle die beste deel van die land (Gosen). Toe het daar 'n bese farao aan bewind gekom en die volk van die Here slawe gemaak. Hulle is ook nie toegelaat om hulle eie God te dien nie.

Nou stuur God vir Moses na die farao. Hy vra dat die volk Hom kan dien. Dit is 'n oorlogsverklaring!

Ons moet besef dat die farao nie net die koning van Egipte was nie, maar ook gereken is as 'n god. Sy kroon het immers 'n kobra bevat, wat gesê het dat hy kan bepaal wie leef en wie sterf.

Kom ons kyk hoe God die Egiptenare gewys het Wie die enigste ware God is:

2. Strategie

Die heel eerste ding wat die Here doen, is om Moses gelyk te stel aan die farao: in 7:1 lees ons dat God vir Moses 'n god maak (duidelik in die 1933-vertaling). Nou mag Moses op gelyke voet met die farao meeding.

Aäron moet sy staf neergooi – dit word 'n slang. Die towenaars gooi ook hulle stawwe neer. Die farao moes dink dat hy net so sterk is soos God – tot Aäron se staf-slang hulle slange doodmaak. God is 'n halwe treetjie voor!

Ons moet onthou dat die heidene verskillende gode gehad het wat hulle aanbid het. Die doel van hulle godsdiens was om die gode tevrede te hou sodat hulle die mens help. Hulp is ingeroep as daar iets verkeerd loop.



wat die hael vrygespring het – ook die mense wat hulle slawe en vee beskerm het teen die hael.

Die Here kan ook die plaag afweer. Na die verwoestingswerk maak die Here die sprinkane dood.

Sodra die plaag verby is, verhard die Here weer die farao. Daar is nog twee gode waarmee Hy moet afreken...

11. Rondte 9: God vs Ra

Ra was die god van die lug. Volgens die geskrifte wat ons het van Egipte is dit die god wat die meeste aanbid is!

Nou maak God sy lig dood. Drie dae lank. Dit kan nie maar 'n gewone sonsverduistering wees nie. Elke Egiptenaar besef dit: die son skyn 3 dae in Gosen maar hulle moet in die duister rondtas.

Uiteindelik gee die farao in. Hy het egter nog 'n agterdeur wat hy oophou: hulle mag geen besittings saamneem nie. As hulle nie die vee kan saamneem nie, hoe kan hulle offer.

Farao bly koppig – die laaste rondte is die beslissende rondte!



Die farao bly koppig. Hy moes beseft dat God anders is as sy gode, want sy eie towenaars kan dit nie nadoen nie en is self siek. Hy wil egter nie die knie buig nie.

9. Rondte 7: God vs Nut

Nut was die godin van die lug. Sy het die lugstrome beheer om die goeie reën te bring sodat die koring goed kan groei.

Weereens waarsku die Here hulle. Hy gaan 'n vreeslike storm stuur. Hulle reaksie is een van twee: die wat begin beseft het dat hulle gode hulle nie kan beskerm teen die God van Israel nie, bring hulle eiendom onder dak. Die ander glo dat Nut hulle sal beskerm.

Dan die stryd. Nut is magteloos. 'n Hael en donderstorm soos niemand van hulle nog ooit beleef het nie.

Weereens kom die Israëliete niks oor nie, nie 'n enkele haelkorreltjie nie. Hulle loop buite sonder vrees rond.

Tog wil die farao nie luister nie. Waarskynlik het die mense al hoe meer ongemaklik gevoel. Maar hy wou nie kop gee nie...

10. Rondte 8: God vs Seth

Seth was die god van die woestyn. Storms, pyn en chaos. Hy het uit jaloesie sy broer vermoor. Die Egiptenare het nie werklik geweet waar hulle met hom staan nie.

Weer waarsku die Here die farao. Ons lees ook dat die amptenare nou openlik begin om die farao teë te gaan.

Tog wil die farao steeds nie glo dat die Here sy volk beskerm en sterker is as die Egiptiese gode nie.

Die Here verander sy taktiek. In plaas daarvan dat Hy Seth teëgaan, gebruik Hy hom. Seth is nou in Sy diens. Van die woestyn af kom die sprinkane om alles te vernietig




Die farao wil nie luister nie!

3. Rondte 1: God vs¹ Hapi

Hapi was die Nyl-god. Hulle het geglo dat dit die god is wat die lewe gee omdat die water van die Nyl lewe gee. Hy was ook god oor die visse en die voëls.

God verander die water in bloed. Alles gaan dood. Hapi is magteloos – maar dan kry die towenaars dit ook reg! Die farao dink die rondte is gelykop. Die Israëliete het ook nie water nie.

Hy beseft egter nie dat Hapi verslaan is nie, want die visse vrek!



4. Rondte 2: God vs Heket


Heket was die godin van die lewe, wat ook die lewe aangenaam moes maak.

God laat die paddas orals uitkom – om die lewe van die Egiptenare (en die Israëliete) te versuur. Die towenaars kan dit ook doen. Hulle dink hulle is so sterk soos God om dieselfde te doen!

Wat hulle egter nie kan doen nie, is om die paddas weg te neem! Wanneer God dit doen, word dit nog meer onaangenaam! Dit stink vreeslik!

Die farao dink weer dat die ronde gelykop is omdat sy towenaars dit ook kon doen.

Ons weet God het gewen! Die paddas, en Heket, is dood!



¹ Vs is die afkorting vir "versus" wat "teenoor" beteken. Ons gebruik dit ook as voorbeeld 2 rugbyspanne teen mekaar speel: Springbokke vs All Blacks

5. Rondte 3: God vs Geb

Geb was die god van stof en aarde. Hy moes toesien dat die aarde goed is vir die mens.

God se strategie is duidelik: slaan met jou kerie op die aarde. Hierdie god word onmiddellik uitgedaag! Was dit muggies? Was dit Muskiete? Dit lyk vir my uit die Hebreeus en die Kopties of dit eerder luise sou wees. Wat belangrik is, is dat die aarde iets voortbring wat die lewe van elke Egiptenaar baie ongemaklik maak!

Nou was dit die towenaars se beurt... maar Geb kan nie vir hulle luister nie. God het hom magteloos gemaak.

Die towenaars blaas die aftog!

Die farao bly koppig. Nou kan ons wonder hoekom die Here hom koppig gemaak het? Die rede: Egipte het nog gode gehad wat oorwin moes word!



6. Rondte 4: God vs Khepri


Khepri was die god wat uit die aarde gekom het en lewe gegee het, hulle het ook geglo hy rol die son deur die hemel, soos 'n miskruier die bolletjie mis oor die grond rol.

Beide God en die farao verander strategie: God wys Sy almag deur die steekvlieë weg te hou van die Israeliete. Die farao moes dit sien!

Die farao se strategie: julle kan gaan offer vir God, maar binne die land. Slinks! Hy het geweet die Egiptenare sou die Israeliete doodmaak omdat die verbranding van diere-offers vir hulle onaanvaarbaar is.

Tydelik gee die farao in... julle kan gaan offer – net tot die plaag verby is.

Dit is opvallend dat die farao vra dat hulle vir hom moet bid – maar dit is nie 'n versoek omdat hy glo nie – hy probeer net in God se goeie boekies kom.



Die Here weet dit, en maak hom weer koppig. Daar is nog gode wat 'n leser geleer moet word!

7. Rondte 5: God vs Hathor

Hathor was die godin van vroue, liefde, skoonheid, pret, plesier en musiek. Sy is uitgebeeld in drie vorms: 'n koei, 'n vrou met bees-ore en 'n vrou met bees-horings.

God se strategie: pes onder die vee. Die diere wat nie net kos verskaf nie, maar ook in hulle godin van liefde uitgebeeld word, word siek en vrek.

Die farao is gewaarsku, maar hy wou nie luister nie.

Hy sien, maar wil nie erken dat daar net een ware God is nie. Daar bly nog vyf rondtes van die geveg oor.



8. Rondte 6: God vs Isis

Isis was die godin van medisyne en vrede. Sy was die moeder van 'n ander god, Horus. Sy kon dus ook lewe gee en is veral vereer omdat sy konings beskerm het. Dis egter nie al nie: sy was ook die godin wat aangeroep is wanneer iemand sterf. Sy was die eerste om Osiris, haar ander seun, se liggaam te balsem en van hom 'n mummie te maak. Dit het hom laat herleef sodat hy die god van die onderwêreld geword het.

Dan tref die Here die Egiptenare met swere. Isis is magteloos. Waar die paddas, luise en pes vir die Egiptenare aaklig en ongemaklik was, voel hulle dit nou aan hulle lywe. Nou is dit nie net die farao en sy towenaars wat weet van die stryd tussen God en die gode nie, maar elke landsburger. Hulle sien hoe die Israeliete niks makeer nie maar hulle siek en seer is.

